Probleemoplossing: Meting *3Bd-K4-00001-2017*

1. John weeg 96 kg. Marcel weeg 87 kg. Hoeveel weeg hulle saam?
   96 + 87 = 183. Hulle weeg saam 183 kg.

2. Die omtrek van die atletiekbaan is 400 m. Anja hardloop 2 maal om. Hoe ver hardloop sy?
   400 x 2 = 800. Sy hardloop 800 m.

3. Henk het 500 kg appels. Hy wil dit in tien bokse pak. Hoeveel kg appels kom in elke boks?
   500 ÷ 10 = 50. Daar kom 50 kg appels in elke boks.

4. Mamma koop 8 kanne water. Elkeen het 5 liter water in. Hoeveel water het sy altesaam?
   8 x 5 = 40. Sy het altesaam 40 liter water.

5. Daar is 3 stukke tou in die stoor: 240 m, 280 m en 370 m. Pappa benodig 900 m tou. Is daar genoeg?
   240 + 280 + 370 = 890 m. Daar is genoeg tou.

6. Die opblaasswembad het 375 liter water in. 290 liter lek uit. Hoeveel water is oor in die swembad?
   375 – 290 = 85. Daar is 85 liter water oor.

7. Freddie het R500. Hy moet die helfte vir sy sussie gee. Hoeveel geld gee hy vir sy sussie?
   Hy gee R250 vir sy sussie.